


Klassieke Feëverhale

Jy is Spesiaal




THINK
DIGITAL ACADEMY



Zondag Lank Gelede

Die Wemmicks was klein hout mense. Al die hout mense is deur 'n hout werker met die naam Eli gekerf.



Sy werkswinkel het
op 'n heuwel gesit
wat oor hul dorpie
uit gekyk het.




Elke Wemmick was anders. Sommige het groot neuse gehad, ander het groot oë. Sommige was lank en ander was kort. Sommige het hoede gedra, ander het jasse gedra. Maar almal is deur dieselfde kerwer gemaak, en almal het in die dorp gewoon.




En die hele dag, elke dag, het die Wemmicks die selfde ding oor en oor gedoen: Hulle het vir mekaar plakkers gegee. Elke Wemmick het 'n boks goue ster-plakkers en 'n boks grys kolletjie-plakkers gehad.

Op en af in die strate regoor die stad het mense hul dae spandeer deur om sterre of kolletjies op mekaar te plak.



Die mooies, dié met gladde hout en puik verf, het altyd sterre gekry. Maar as die hout grof was of die verf gekrap was, het die Wemmicks kolletjies gegee.




Die talentvolles het ook sterre gekry. Sommige kon groot stokke hoog bo hul koppe gelig het, of oor hoë bokse gespring het. Ander het groot woorde geken of mooi liedjies gesing. Almal het vir hulle sterre gegee.



Sommige Wemmicks het sterre ooral op hulle gehad! Elke keer as hulle 'n ster gekry het, het dit hulle so goed laat voel!

Dit het hulle so goed laat voel dat hulle iets anders gedoen het net om nog 'n ster te kry.



Ander het egter min gedoen. Hulle het kolletjies gekry.

Punchinello was een van dié wat min gedoen het.



Hy het probeer om hoog te spring soos die ander, maar hy het altyd geval. En wanneer hy geval het, het die ander saam gedrom en vir hom kolletjies gegee.



Soms wanneer hy geval het, het sy hout gekrap, so die mense het vir hom meer kolletjies gegee.



Wanneer hy probeer verduidelik het hoekom hy geval het, het hy iets simpel gesê, en die Wemmicks sou hom meer kolletjies gee.




Na 'n rukkie het hy soveel kolletjies gehad dat hy nie buite wou gaan nie. Hy was bang hy doen iets simpels, soos om sy hoed te vergeet of om in water te trap, en dan sou mense vir hom nog 'n kolletjie gee.



Hy het sowaar soveel grys kolletjies gehad dat sommige mense sonder enige rede vir hom kolletjies gegee het.

“Hy verdien baie kolletjies,” het die hout mense saam gestem.

“Hy is nie 'n goeie hout mens nie.”




Na 'n rukkie het Punchinello hulle geglo. "Ek is nie 'n goeie Wemmick nie," het hy gesê.



Die paar keer wat hy uit gegaan het, het hy saam met ander Wemmicks rond gehang wat ook baie kolletjies gehad het. Hy het baie beter rondom hulle gevoel.




Eendag het hy 'n Wemmick ontmoet wat anders was as enige ander wat hy nog ooit ontmoet het. Sy het geen kolletjies of sterre gehad nie. Sy was net hout. Haar naam was Lucia.




Dit was nie dat mense nie probeer het om vir haar plakkers te gee nie; dit was net dat die plakkers nie geplak het nie.

Sommige van die Wemmicks het Lucia bewonder omdat sy geen kolletjies gehad het nie, so hulle het na haar aan gehardloop en haar 'n ster gegee. Maar dit sou afval.




Ander het op haar neergesien omdat sy geen sterre gehad het nie,
so hulle sou haar 'n kolletjie gee. Maar dit wou ook nie vas plak
nie.



Dis hoe ek wil wees, het Punchinello gedink. Ek wil niemand se merke hê nie.

Daarom het hy die plakkerlose Wemmick gevra hoe sy dit gedoen het.




“Dit is maklik,” het Lucia geantwoord. “Ek gaan elke dag en sien vir Eli.”

“Eli?”

“Ja, Eli. Die houtsnyer. Ek sit saam met hom in die werkswinkel.”

“Hoekom?”

“Hoekom vind jy dit nie self uit nie? Gaan die heuwel op. Hy is daar.”



En daarmee het die Wemmick wat geen plakkers gehad het nie om gedraai en weg gehuppel.”

Die Einde

*Hierdie is 'n uittreksel uit “You Are Special”,
deur Max Lucado, Candle Books 2004.*





THINK

DIGITAL ACADEMY

